

## VIERDE PART.

---

Waarin behandel word enige Spreekwoorde, Gesegdes en Uitdrukkings van algemene aard of minder bekend in ander dele van die Unie.

## §68—OPMERKINGS EN AANMERKINGS.

Afrikaans besit 'n ryke skat van spreekwoorde, gesegdes en uitdrukkings wat die volkskarakter, geestesontwikkeling en gedagtegang weerspieël. Deur hul menigvuldigheid is dit onmoontlik om almal 'n plek aan te wys in 'n werkie van so 'n klein bestek—hiervoor is nodig 'n boek wat daaraan uitsluitend gewy word. Maar *Ons Geselstaal* sal onvolledig wees as ons hierdie belangrike deel van die spreektaal met toe ore en oë verbystap.

Baie van die gesegdes is ou nuus, want ons het hulle oor en oor gehoor en miskien net soveel maal in druk gelees; maar wat vir die een ou nuus is, is vir 'n ander iets nuuts. Die waarde van hierdie gesegdes is: om te weet waar hulle bekend is en waar nie.

En dit is juis die swak sy van hierdie Part dat dit daarin nie bepaal word nie. Want die gegewens wat ek vir 'n groot deel hiervan eens besit het, is my in die oorlog ontnem, daar ek vroeër gereeld aangeteken het waar ek hul orals in ons land gehoor het. Dit is opvallend dat 'n ou gesegde waarmee ons opgegroeï het, geheelenal onbekend in 'n ander deel van ons land is. Hierop kom ek terug wanneer die bydrae van mnr. A. E. Viljoen, van Trompsburg, onder behandeling kom.

Wat betref die bydraes deur die korrespondente kan ons aflei dat die gesegdes daar in die omgewing bekend is; maar dan moet ons ook bereid wees om aan te neem dat hy, of sy, een of ander in 'n ander geweste gehoor het en dit by die plaaslike gesegdes ingesluit het.

Dit is onnodig om die gesegdes en uitdrukkings in die Tweede Part onder plaaslike spraak te behandel, hier weer te herhaal; maar tog sou dit nie van belang ontbloot gewees het nie as dit gedoen is—maar ons moet ruimte en die geduld van die leser eerbiedig. Daarom gaan ek ook nie te veel gee wat reeds in ander boeke gepubliseer is nie.

---

## §69—UIT COLESBERG, K.P.

Soos reeds meegedeel het ek aan weleerw. dr. H. A. Lamprecht 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur; hy het die A.T.V. (Afrikaanse-Taalvereniging) genader, en dié genootskap het my die volgende deur middel van dr. Lamprecht gestuur:

Hy is die band van hulle almal (Hy is bobaas).  
 Hy sleep vlerk (Hy probeer om by die nooi in guns  
 te kom).

Dit gaan broekskeur (Dit gaan hard).

Hy moet die rok dra (Sy vrou is die baas).

Sy twak is nat (Hy kan nie).

Dis bo my vuurmaakplek (Dis te swaar vir my).

Die son trek water (By sonsondergang skiet die son-  
 strale neer).

Die beenbek praat al (Die haan kraai al).

Wanneer die perde horings kry (Nooit nie).

Dit gaan opdraand (Dit gaan net swaar).

Die jakkals die trou (Reën en sonskyn tegelyk).

Kromhout se sop (sterk drank).

Hy is 'n windbuks, windpomp (Hy is 'n grootprater).

Hy het lepel in die dak gesteek (Hy is dood).

Hy is hoenderkop (Hy is dronk).

Ei, hierdie tee smaak vorentoe (Die tee smaak net lek-  
 ker).

Hy sal streepsuiker kry (Hy sal slae kry).

Pas op! die huis het 'n dak op (Klein muisies het groot  
 ore).

Hy het eers die hond vasgemaak (Hy is buite gevaar).

Hy is nog vlak voor die kombuis, of strooihuis (Hy  
 het swart bloed).

Sy turf sit (Hy kan nie verder nie).

Gee hom met die vyf vingers van Moses (Gee hom 'n  
 klap).

Hy verbeel hom hy is die koning se hond se oom (Hy  
 verbeel hom baie).

Ek sal jou op jou tabernakel gee (Ek sal jou 'n pak  
 slae gee).

Hy vertel kluitjies (Hy skiet spek).

Hy moet voor die swartspan kom (Hy moet voor die  
 kerkraad verskyn).

Hy trek noustrop (Hy kry dit swaar).

Hy is heeltemal van die wysie af (Hy vergis hom).

Hulle het al rook gemaak (Hulle het ouers gevra).

Dit gee ek hom nie kiet nie (Ek stem met hom nie in  
 nie).

Ek sal jou blootsperd ry (Ek sal jou goed afransel).

Sy mes is stomp (Hy kan dit nie haal nie).

Sy maters is dood; wat nog leef, lê in die hospitaal (Hy  
 het nie sy gelyke nie).

Hy het die skoot hoog deur (Hy is half dronk).  
 Hy het nie al sy varkies in die hok nie (Hy is nie reg by al sy sinne nie).  
 Die langslewende erf niks nie (Die boedel is bankrot).  
 Skapies deurmekaarja (Gaan trou).  
 Hy het muisneste in sy kop (Hy dink net om te trou).  
 Hy kan nie eens ou hond haar afmaak nie (Hy kan geen begrip kry nie).  
 Dis klaar met kees (Hy is dood; dis verby).  
 Sy kyk al oor die onderdeur (Sy kyk al na jongkêrels).

---

§70—UIT BETHLEHEM, O.V.S.

Mnr. J. D. Pretorius, Susanna, Bethlehem, deel die volgende mee:

Hy raas dat die honde huil (Hy maak 'n groot lawaai).  
 Hy lieg dat die hare op sy kop kraak (Niemand kan hom glo nie).

Dankie! dat die stof so trek (Baie dankie!)

Wat is hy tog 'n grote Piet! (Wat hou hy hom tog 'n groot meneer!)

Hy is 'n hoë kapstewel, of 'n hoëbol-hoed (Hy is verwaand).

Pure man!—ses voet hoog ('n Dapper man).

Hy is net man omdat hy broek dra (Hy is 'n papbroek).

Jy kan hom nie uit die as skop nie (Hy is 'n niksbeduidende man).

Ek sal baie plekke vir hom seermaak (Ek sal hom slaeggee).

Hy het 'n pokkel knor gekry (Hy het baie knor gekry).

Hy skiet nie spek nie, maar smyt regtig met heel varkens (Hy kan baie lieg).

Hy is nou in sy knoppies (Hy is baie verheug).

Hy het 'n verkeerde perd opgesaal (Hy het 'n verkeerde ding gedoen).

Ek wil nog met jou 'n paadjie loop (Ek wil jou voorstok kry).

Hy sit of die hoenders sy kos afgeneem het (Hy het niks te sê nie).

Hy lyk of hy nie pruim kan sê nie (By hom word gevind wat nie verwag word nie).

Ek het in die vaal water gekom (Ek het in moeilikheid gekom).

Hy het my lelik toegetrap (Hy het my lekker gefop).

Ek het hom lekker uitgetrap (Ek het hom goed geantwoord).

Dit slaan my totaal dronk (Ek begryp daar niks van nie).

Hulle het mekaar gevreet (Hulle het harde woorde gebruik).

Moenie dalkies misverstaan en mekaar raakvat nie (Moenie stry en mekaar slaan nie).

Hulle huil van lelikheid (Hulle is baie lelik).

Hy het meer geluk as 'n hond op sy verjaarsdag (Hy het 'n geluk op die lyf geloop).

Hy het Jannie se baadjie aan (Hy is jaloers).

Tjoerang sal uitbraai (Onreg kom aan die lig).

Trap met jou wese (Jy kom my sleg voor).

Hou hot, in die haarkant is 'n sloot (Jy is naby 'n gevaar).

Stadig oor die klippe, maar vinnig oor die sand.

Jy het my teen die grond (Ek het geen antwoord nie).

Hier gaan Betakel, daar gaan Spektakel!

Die ding is glad konfoes (Die ding is deurmekaar).

Hy is baie kortvas (Hy is baie opvlieënd).

Hy is eenparig (Hy hou hom eenkant).

Hy is maar nog 'n tweetand-vryer (Hy is te jonk om te vry).

---

### §71—UIT BETHAL, TVL.

Mnr. J. J. A. Schoeman, onderwyser op Bethal, het die volgende aan my gestuur; hy het die gesegdes en uitdrukkings uit al die dele van die Unie versamel; so moet hulle nie as plaaslik beskou word nie, maar van 'n gemengde aard. Hier volg hulle:

Blaas op die tou of ketting (Praat met die osse).

Sy blus is uit (Hy kan niks meer maak nie).

Hy is 'n bok op die muur (Hy is neutraal).

Elke brak kry sy agtermiddag (Elke hond kry sy Jag).

Hy is beenaf (Hy is verlief).

Die ou profete is dood, en die jonge eet brood (Niemand kan dinge met sekerheid voorspel nie).

Donkie skop gouer as Perd (Onopgevoede mense beleedig gouer as opgevoede persone).

Dis doppie in die emmer met hom (Dis klaar met hom).

Hy is net 'n ou doring (Hy is 'n uithaler-man).

Jy sal jou druiwe teëkom (Jy sal jou vasloop).

Jy sal jou moses kry (Jy sal jou moesoek kry).

Daar sal dadels van kom (Daar sal niks van kom nie).

Daar kan ertjies en boontjies deur gesaai (gesif) word (toegepas op yl klere).

Hy stap asof hy op eiers loop (Hy loop langsaam).

Hy het ook altoos 'n eiertjie by te lê (Hy het altoos iets aan 'n gesprek by te voeg, of tussenin te praat).

Hy is vol fiemies (Hy is vol allerhande dingetjies).

Sy is flenters (Sy is lelik).

Eers groot mense, dan langore (Kinders moet wag tot oumense eers gehelp is).

Dis husse met jou neus daartusse (antwoord op nuuskierige vraag van kinders).

Hy neem die huis op horings (Hy maak lawaai in die huis).

Hy sal op sy herrie kry (Hy sal slae kry).

Hy hang daar hoed op (Hy vry daar).

Hy is hoenderkop, of Hy is hoog veertien (Hy is dronk).

Hy is soos 'n orige jukskei (Hy is by, maar nie nodig nie).

Jakkals prys sy eie stert (Hy prys homself).

Hoe kaler jakkals, hoe kaler stert (Gesê van 'n arm man wat hoogmoedig is en hom iets verbeel).

Hy is Jannie, of Hy is Jannies of Hy het Jannie se baadjie aan (Hy is jaloers).

Dis bo my jakkals, of Dis bo my vuurmaakplek (Dis buite my bereik).

Ons gaan met Tuisbly se karretjie, of Ons gaan met Jan Tuisbly se karretjie ry (Ons bly tuis en gaan nie).

Hy het meer nukke as 'n vark krulle in sy stert (Hy is vol bestellings).

Ek kook my pap nie tweemaal nie (Ek sê 'n ding nie tweemaal oor nie).

Hy weet daarvan so min as 'n kat van saffraan (Hy weet niks daarvan nie).

Sy is 'n Kaatjie Kekkelbek (Sy is 'n skinderbek).

Hy maak van sy kies 'n looikuip (Hy pruim tabak).

Die koring mag roes kry (Pas op, praat nie vooruit nie).

Ek kan nie met hom kers vashou nie (Hy is knapper as ek).

Hy het in die karringmelk geval (vir 'n swart skepsel in wit klere).

Dis 'n groot kooksel vir 'n klein potjie (Dis moeilik om te glo).

Kommandeer jou honde en blaf self (Doen dit self).

Hy het kuikenmoord gepleeg (Hy wou bangmaak en oorbluf).

Hy is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie (Hy is nie so dom nie).

Hy is langoor (Hy is jaloers).

Hy is Mal Jan onder die hoenders (Hy speel harlekyn).

Hy maak van sy maag 'n wolsak (Hy oorlaai sy maag).

Hy is man duisend (Hy is net 'n uithaler-kêrel).

Hy maak van sy mond 'n skoorsteen (Hy rook).

Hy leef soos 'n mossie in 'n daggasak (Hy leef baie gelukkig).

Hy is so gemaak en so laat staan (Hy is sonder ambisie).

As jy nie daardie mond gehad het nie, dan het die kraaie lankal jou oë uitgepik (Hy doen sy woord goed—al is hy bietjie parmantig).

Hy kyk teen sy oogvel vas (Hy soek nie goed nie).

Nuuskierigheid se neus is in die deur afgeknyp (Moenie so uitvraerig wees nie).

Dit lyk maar oes (Dit sien daar nie mooi uit nie).

Jy sal jou ouma vir 'n eendvoël aansien (Jy sal jou vèr misgis).

Jy is heeltemal in die ou pad (Jy vergis jou).

Hy is gou op sy perdjie (Hy is gou gesteurd).

Hy is perdfris (Hy is heeltemal gesond).

Hy wil van 'n padda vere pluk (Hy eis onmoontlike dinge).

Hy het 'n pampoenbril op (Hy sien niks raak nie).

Krap jou potjie self (Sorg vir jouself).

Jy moet maar jou rug vet smeer (Maak jou klaar vir slae).

Hy is so taai as 'n ratel (Hy kan baie uithou of verduur).

Hy is 'n regte ou rouriem (Hy is 'n pappbroek).

Hy het riem gespring (Hy het slae gekry).

Jy sal jou rieme styfloop (Pas op, jy kry slae).

Hy is sy ma se suikerklontjie (Hy is sy ma haar lief-ling).

Hy jaag skape aan (Hy is dronk).

Hy loop twee rye spore (Hy is dronk).

Baie mak skape gaan in een kraal (Vrinde kom goed in 'n klein vertrek klaar).

Hy draai stokkies (Hy bly uit die skool).

Hulle het hom in die sak en bo toegeknoop (Hulle het geen respek vir hom nie, of Hulle neem te veel vryheid met hom).

Hy skiet nie spek nie, maar gooi gedorie waar met lewendige varkens (Hy kan grof leuens vertel).

Hy is stukkend (Hy is dronk).

Dit is daar maar Skraal Hans (Daar is min kans).

Vermeng jou met semels, en die varkens vreet jou op (Laat jou met slegte mense in, dan kom jy verspot daarvan af).

Hy het streepsuiker gekry (Hy het slae gekry).

Hy het kort voor die strooihuis omgedraai (Hy het swart bloed in hom).

Jy moet in jou spoor trap (Jy moet in jou pasoppens bly).

Watter trein wil jy vang? (Waarom so haastig?)

Hy is nie 'n pyp twak, of Hy is nie 'n pyp dagga werd nie (Hy is niks werd nie).

Hy is hoog in die takke (Hy is baie dronk).

Hy het oor die tou getrap (Hy het iets onbehoorliks gedoen).

Ek sal jou uitlooi (Ek sal jou slaan).

Hy sit soos 'n uil op 'n klip (Hy besit niks nie).

Uilspieël het sy meel verloor (gesê van iemand wat stil sit en nie praat nie, of van iemand wat raadop is).

Sy bont varkie is nie in die hok nie (Hy is nie by al sy sinne nie).

---

## §72—ORALS VANDAAN.

Hier volg enige gesegdes uit my verstrooide aantekeninge; die plekke waar ek hulle gehoor het, staan nie volledig in die aantekeninge aangegee nie, en daarom moet dit beskou word as versamel oor die hele Unie.

Hy is moeg gebore (Hy is lui)—Pretoria.

Hy het moeg gesterwe, en dis baie swaar (Hy het sy hele lewe swaar en hard gewerk)—Wellington.

Hy eet nie voor elfuur nie, te bang die kos sal te gou sprak (Hy is baie suinig)—Pêrel.

Hy maak soos 'n aasvoël, versadig geëet, dan vlie hy

weg (gesê van 'n vreemde wat net na hy klaar geëet het. wegry)—Transvaal.

Hy speel met sy vingers, maar slaan met sy vuus (Hy is goeðhartig, maar verdra niks nie)—Karo.

Katjies speel met muise wat ander gevang het (gesê van vlagwaaiers).

Hy loer op opskep (Hy kom altyd binne as geëet word)—Boland.

Hy is soos 'n Boesman wat opeet wat hy moet saai (Hy sorg nie vir hom nie)—Pretoria.

Lap liewers jou klere as jou maag (Moenie te mooi aantrek en gebrek ly nie)—Boland.

Hy is soos 'n tarrentaal, skree bankrot, maar sy krop bly vol (Hy is gedurig insolvent, maar lewe lekker)—Boland.

Hy is soos 'n vis—altyd nat (Hy is gedurig dronk)—Boland.

Hy is nes 'n haan wat vir die hen op ongerieflike plekke nes soek (Sy planne is onuitvoerbaar)—Mapochsland.

My kompas staan stil (Ek is *dom* geslaan)—Middelburg, Tvl.

Hulle slaap kop en punt (Hulle slaap met die een se voete by die ander se kop)—Boland.

Hulle lê lepel (Hulle slaap teen mekaar)—Boland.

As die kos koud word, word die vrou warm (Die vrou word kwaad as die kos op tafel is en die man sloer)—Daljosaphat, Pêrel.

Varkens skuur hul modder teen pilare af (Gesê van slegte mense wat fatsoenlikes beklad).

Die knoop sit aan die punt van die riem (Pas op vir die agterdraai).

Hy is 'n vlermuis: hy is nie voël nie ook nie muis nie (gesê van 'n Boer wat hom Engelsman hou)—Clanwilliam.

Leen jou voete uit en loop op jou hande (Leen jou goed uit; en die dag as jy dit nodig het, is jy ontrief)—Stellenbosch.

Die by wat die lekker heuning maak, steek seer (Dis die mooi nooiens wat die jongkêrels so hartseer gee)—Karo.

Wie heuning uithaal, moet steke verwag (Wie opstoppers gee, moet opstoppers verdra)—Pêrel.

Laat 'n voël so hoog vlie as hy wil, sy kos en water moet hy op die grond kom soek (Hoogmoed moet buig).

Hy het in die maanskyn geloop (Hy het 'n kaalkop)—  
Boland.

Gisteraand het ek 'n uil aan die vlerk gehad (met 'n meisie gearm gestap)—Prins-Albert.

Draai jou rug na die vuur, dan sien jy jou skaduwee (Draai jou rug op jou vrinde, dan het jy niemand om te help nie).

Krap 'n skilpad se dop, dan steek hy sy kop uit (Maak 'n geduldige man kwaad en ly die gevolge).

Sy mond is plat, maar hy spuug ver (Hy is gevaarlik).

Wil jy die ooi vang, jaag die lam in die hok, en sy volg (Maak vrinde met haar kinders en jy steel die moedershart).

Jy kan nie hare kam nie of jy moet jou hoed afhaal (Jy kan nie gehelp word nie sonder beleef te wees nie).

As 'n kraai een jaar oud is, dan eers vlie hy na sy tweede jaar (Maak eers een ding goed klaar voor jy 'n tweede begin).

Maak maats met 'n hond, maar dra 'n kerie (Wees versigtig).

Loop terug na die modder waarin jy uitgebroei is (Loop terug na jou lae geselskap)—Kimberley.

Sy geld weeg swaar, maar sy hart weeg lig (Hy is sui-nig)—Vrystaat.

Jy kan sy geld ruik (Hy is ryk)—Karo.

Hulle hart kan maar koud wees, maar jou beurs moet warm bly (Hulle steur hul nie aan jou nie, maar laat jou betaal dat jy krul).

Trou met 'n weduwee en jy kry die potte en panne by (selfverklarend)—Boland.

Hy reken ouderdom soos hy voel en nie na die getal jare nie (Hy is nog 'n gawe ou wewenaar)—Boland.

Hy gaan in die maanskyn staan om warm te word (Sy pogings is tevergeefs)—Transvaal.

Pas op, die kat loer op muise! (Skelmagtigheid loer op geleentheid).

Kyk jy deur 'n blou bril, is alles blou (swarmoedig).

Met keil en manel is hy hier weg (gaan vry).

Die rivier was so vol dat 'n vis nie kon deurswem nie (baie vol)—Transvaal.

Hy is 'n waghond sonder tande (onskadelik).

Hy laat sy geld gons (Hy is spandalig)—Binnelande.

Hy is lelik, maar voel lekker (Hy is tevrede).

Hy is werd sy gewig in sand (Hy beteken niks nie)--  
Pretoria.

§73—TROMPSBURG, O.V.S.

Mnr. A. E. Viljoen, prinsipaal van die Voortsetting-  
skool, Trompsburg, skryf my onder ander:

Omstreeks Desember 1920 het ek begin woorde en eienaardige segswyses opskrywe, soos dit in Ficksburg voorkom; en ook wat ek opgemerk het op 'n reis na George. Dit wou ek eers in *Die Huisgenoot* publiseer, maar het nooit sover gekom nie. Toe ek later u *Ons Geselstaal* in daardie blad sien, het ek gedink ek moet maar my lysie ook aan u stuur; miskien is daar iets nuuts in.

Tot sover mnr. Viljoen.

Die „iets nuuts” wat die lysie bevat, bestaan nie juis in die gesegdes waarvan so baie in die Vrystaat en elders algemeen bekend is nie, maar wel hierin dat 'n klein aantal vir die Vrystater en Transvaler onbekend is. En dié wat nogal enigsins gebruik word, word met ander woorde uitgedruk. Mnr. A. E. Viljoen is 'n gebore Vrystater, hy het sy opleiding in die Vrystaatse skole en Grey-Uniwersiteitskollege gehad; en as sodanig is hy met die Vrystaatse spreektaal goed vertrouwd, sodat enig iets vreemds in die spraak of uitdrukkings in die Kaapprovinsie hom dadelik sou tref. Hy gee ons dan 'n lysie van gesegdes wat in die Vrystaat nie so algemeen bekend is nie. Dié lysie het ek met enige vrinde op die Transvaalse Hoëveld bespreek en met 'n sterretjie (\*) gemerk sulke gesegdes wat hier in die omgangstaal selde of nooit gehoor word nie. Hier volg die lysie:

In daardie *wêreld* is dit maar droog.

\*Dit *reënt knaend*—George.

Man, maar daardie *kêrel* lyk darem *stukkend*, of *tôinrig* ('n nasale klank vir *ôi*)—George.

Hy is heeltemal *van die wysie* af.

\*Hy was in die *wiesiewarie*—George.

\*Hy het die bal *duidelik* geskop (Die bal goed geskop).  
'n *Duidelike* *kêrel*.

Die man is *getik* (beskonke).

Daardie vent het *sweerlik* party van sy varkies verloor—George.

Hy is nooit by al sy *positiewe* nie.

\*Hy is met die maan *gepiets* (nie heeltemal reg nie).

Sy horlosie hou tyd na die maan.

\**Lawaaiwater*, ook \**kromhoutsop*, \**doringdraad* (oudop), *tiermelk*, \**kafferblits* (*spieritus*)—George.

\*Jan het vir hom daar 'n duidelike pot aangekrink (mooi huis gebou).

Tou opgooi (moed verloor).

Dit hotagter hê (swaar hê).

Jy moet rem aandraai (stadig oor die klippers).

\*Die seuns is heeltemal op die *afdraand* (op die verkeerde pad).

Op die verkeerde plek geland.

Ek was in die verkeerde straat (in groot ongeleentheid).

\*Hy is *in die verspot*—George.

\*Gee hom skiet, hy sal gou-gou sy riem styfloop—George.

Sy draad is op 'n ent (Hy kan nie meer nie).

Hy is alte kort *gespan* (slegte humeur).

Sy *gô* is uit (Sy pit is uit)—Boland.

Julle moet vir julle *ken* (fluks wees)—George en elders.

\*'n Dam sleep.

Hulle het ons *disnis* gespeel (totaal oorwin).

Die kamer moet *windmakerig* wees—George.

\**Basta* nou met jou eet (Hou op eet)—George.

Die huis op horings neem (Groot lawaai in die huis maak).

In die *helder oordag* skiet hy klappers

Dit kan ook nie *bra* anders nie.

Julle kan na *julle verstand* loop!

Ek weet nie so reg nie.

\*Hy *hou hom baie skaars* by ons (Hy kom min by ons).

Kafloop (uitstof).

Hy was nie *gebore staat* en doen dit nie.

\**Reg*, die ellendige ou Sofie!—George.

\*Die hele ding is *konfoes*—George.

Kom aan jong, *steek* los (Toe maak 'n spiets).

Jan is sommer vol *fiemies* of *krulle* (vol bogtery).

Dis *sommer pure* mense daardie.

Hy was amper Bokveld-toe (byna dood)—Boland.

Ek sal julle gou-gou koudlei.

*Stormjaers* of *maagbomme* (nie Bolands nie)—Transvaal.

\*Moet ek kos *oorhang*? (Moet ek kos op die vuur sit?)—George.

Daar sal *dadels* van kom.

Dis *klaar* met jou!

*Já, jongie!* (aan 'n skuldige kind gesê)—George.

Dis 'n *kwaai* ding (Die saak lyk lelik).

\**Nooit gesien* nie! (Maar dis wonderlik!)—George.

\**Ek het hulle 'n lekker streep* getrek (poets gebak)—George.

\**Die weer is mooi agter* (Die weer is mooi aan die reënkant).

\**Gomtorre* (agter-af mense, *gaipe*)—George.

\**Ek is nie sommer 'n kêrel* nie—ek is 'n Matthyse—(Middelwes, O.V.S.)

Die *kêrel* is 'n remskoen vir ons planne.

Dit is *deksels, verbrands, vervlaks* hoog—Boland.

\**Hy is so 'n vrek* dat hy 'n *rosyntjie* sal deurbyt—George.

*Hy het hom gedaan* gespook (moeg baklei).

Dit was *klaarpraat* met hom (Hy het verloor).

Nee a, *kêrel!*

*Beongeluk* = \**beklits* = verkeerd.

\**Deuskant die berg; vandeusejaar*—George.

My *twak* is nat (is baie algemeen).

Nee man, vertel nou *padlangers*.

Sy *kerk* is uit (Dit is klaar met hom).

'n *Orige jukskei* (iemand wat in die pad is en hinder of iemand wat nie nodig is nie). So hoor ons van *henner*, i.p.v. *hinder*.

Die *gort* is gaar (baie algemeen).

'n *Los Hotnot* (Iemand wat op die oomblik niks te doen het nie).

Daardie *môre* het ek die trein *geskraap*. Toe *skraap* hy die *diewe*, en hulle vlug.

\**Hou die tou styf* (Hou moed).

\**Ek stop my kouse* maar *oeserig* (nie soos dit hoort nie)—Boland.

*Uitgebak* (nie meer dik vrinde nie; nie meer in aansien nie).

\*Iemand *opkeil, opdreun* (Iemand die lewe moeilik maak.)

*Plek-plek* gaan hulle staan (baie algemeen).

\**Boesman* is vir julle oor (julle baas).

\**Sproes lyk* (netjies lyk)—Oudtshoorn.

*Gedoriewaar!* (Waarlik waar).

Die *melk* is *kês*.

\*Op jou *duim fluit* (tevergeefs).

\*Ek het hom naald *gesteek* (gewaarsku)—Oudtshoorn.

\*Koetjek-streke—Oudtshoorn.

Toe *peper* hulle op die huis (skiet).

Iemand *uitkoggel* (met hom spot)—baie algemeen.

*Visenteer*—algemeen.

Hy skiet hoog (noem hoë nommers).

Dit is nou eenmaal *verseg* (Hy wil nie).

Ek *lê oop* na die stadsaal (hardloop daarheen).

\**Almiskie*—Oudtshoorn.

*Almelewe* (vir altyd).

Mnr. Viljoen eindig sy mededelings:

Ek het aan die kinders van die hoër klasse opgedra om op te let en aan te teken wat hulle eienaardig vind in die mense se spraak.

Nou het ons die slot van hierdie Part bereik. Onder die gesegdes sal ons vind wat ons oor en oor in dieselfde bewoording gehoor het, dan weer wat in ander woorde vertolk is, en verder nuwes wat vir ons onbekend is. Daar- onder sal ook miskien by wees wat aan een persoon of 'n groep persone alleen bekend is. Want so dikwels hoor ons: „Oorlede oupa het altyd só gesê”, of „Ou oom Krisjan se gesegde was só of só”. Dit mag wees dat sulke gesegdes gou uitsterf, of langsamerhand voortgeplant word—daar die meeste uitdrukkings in die eerste instansie tog die skepping van een enkel persoon is.

---